

**Maandag 2 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 2:1-23**

**Fokusgedeelte: Daniël 2:18**

**Jy word 'n swaargewig as jou wysheid van Bo kom**

**D**ie heidense koning Nebukadnesar se droom is 'n openbaring van God. God se openbaringe kom selfs na ongelowiges, maar Nebukadnesar kan dit nie verklaar nie. Hy verwag van sy towenaars, voorspellers, goëlaars en sterrekykers om sowel die inhoud van die droom as die betekenis daarvan te gee. Geeneen is daartoe in staat nie en die koning wil almal doodmaak. Daniël en sy vriende, ook deel van die koning se raadgewers, verkeer in lewensgevaar.

Daniël kies die regte strategie en hy vra sy vriende om saam met hom te bid om wysheid – die wysheid wat van Bo kom. Die Here verhoor hulle gebede en maak die droom en sy uitleg aan Daniël bekend. Daniël sing 'n loflied tot eer van die Here vir die wysheid en insig wat hy ontvang het, en dan vertel en verklaar hy die koning se droom.

Die ou spreekwoord “*Soveel hoofde soveel sinne*” word deesdae al hoe meer waar. Mense kom met die vreemdste idees en die kromste gedagtes tevoorskyn. Dit word met wêreldse wysheid en bravade voorgehou en as waarheid opgedis. Mense hardloop toenemend agter die gees van die tyd aan. Die apostel Paulus het skryf: “... *in die eindtyd sal sommige afvallig word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van bese geeste aanhang. Hierdie dwaalleraars is skynheilige leuenaars wie se gewete toegeskroei is*” (1 Tim. 4:1, 2).

Jakobus beskryf die wysheid waarmee ek en jy moet optree: “*Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings en verder is dit vredeliewend, insiklik, bedagsaam en vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg. Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God en jy moet dit gebruik om vrede te maak*” (Jak. 3:17, 18).

Hierdie ware wysheid maak van jou en my swaargewigte omdat ons deur die Heilige Gees met 'n ware geloof in Christus ingelyf is. Hy is immers die Weg, die Waarheid en die Lewe.

*Sing: Psalm 19-1:4, 5*

*Dr. DJ de Kock (Danie) (Emeritus)*